President Brand Primêre Skool

Wag-'n-Bietjieboslaan, Pellissier, Bloemfontein, 9301
Tel: 051 422 4941 / 051 422 5910 | Fax: 051 422 5547
Epos: info@presidentbrand.co.za

Belangrike inligting : neem asseblief die tyd om te lees

FINANSIëLE INLIGTING 2025

Geagte Ouer / Voog

U word hiermee vriendelik versoek om die vorms op die agterkant sowel as *Aanhangsel A* te voltooi, te onderteken en onverwyld terug te stuur na u kind se klasonderwyser vir rekordhouding by die skool en die Departement van Onderwys. U word ook versoek om 'n afskrif vir u eie rekords te maak en te bewaar.

Aanhangsel A hierby aangeheg handel in terme van die Onderwysregulasies soos gepubliseer in die Staatskoerant no. 29311 en soos vervat in die SA Skolewet no 84 van 1996. Dié vorm is, (volgens bogenoemde wet) verpligtend, al het u reeds kennis gekry van al die betrokke vrae.

Neem asseblief kennis dat President Brand Primêre Skool 'n skoolgeldbetalende skool is.

Baie dankie vir u samewerking.

Groete

L SMITH
SKOOLHOOF

G JV RENSBURG
BEHEERLIGGAAM

2024/10/31

Oudste leerder naam: _____

Graad 2025: _____

Rekeningnommer: _____

BELANGRIKE FINANSIëLE INLIGTING

1. **REKENINGE**

   a. U **rekeningnommer** moet asseblief te alle tye gebruik word as verwysing indien u inbetalings per internet of debietorder doen, bv 801. Indien u ander uitgawes ook betaal, sal u verwysing dus as volg wees: 801 + Middagstudie, of 801 + kriekettoer.

   b. Indien u een bedrag oorbetaal vir meer as een uitgawe en nie genoeg spasie op u internet bank se beskrywingskolom het nie, **moet** u asseblief ’n uiteensetting aan die finansiële kantoor e-pos.

   c. **Debietorders** wat deur u bank ingestel is, moet deur u self aangepas word. Indien u debietorder deur die bank geweier word op enige stadium, word die volle skoolgeld vir die jaar onmiddellik opeisbaar en betaalbaar soos in punt *1.e* hieronder. As ’n debietorder nie deurgaan nie a.g.v. ’n tekort aan fondse, sal ’n administrasiefooi van R50 by u rekening gevoeg word.

   d. U kan u betalings **elektronies** of per **kaart** betaal. Die skool het kaartfasiliteite vir krediet- en debietkaart betalings.

   e. Volgens die Skolewet is die volle uitstaande skoolgeld vir die jaar (R 16 170 vir Graad 1 tot 7 per leerder of balans nog nie betaal vir die volle jaar) **onmiddellik opeisbaar en betaalbaar** indien enige paaiement nie op die vervaldag betaal is nie, dus sodra u rekening agterstallig raak.

   f. Skoolgeld is ’n statutêre skuld, u is dus **wetlik verplig** om skoolgeld te betaal en kan vir 30 jaar nadat die skuld aangegaan is, steeds verantwoordelik gehou word vir uitstaande skuld.

   g. Skoolgeld is vrygespreek van die Nasionale Kredietwet en is ’n **prioriteitskuld**. Dit mag dus nie ingesluit word in ’n administrasiebevel nie.

   h. Begroot asb **vroegtydig.** U eerste maand se skoolgeld moet **voor 31 Januarie 2025** betaal wees. Indien u teen 31 Januarie 2025 nie die eerste betaling gemaak het nie, **is u skoolgeld agterstallig.**

   i. **Beide** biologiese ouers is verantwoordelik vir die betaling van skoolgeld, ongeag hulle huwelikstaat. Indien die skoolrekening agterstallig raak, sal regsaksie ***teen beide biologiese ouers*** geneem word, ongeag enige onderhoudsooreenkoms tussen die ouers. Die ouers sal verantwoordelik wees vir alle regskostes en invorderingskostes aangegaan.

   j. Wanneer ’n leerder die skool verlaat, moet die nodige vorms by die finansiële kantoor afgehaal word.

2. **VRYSTELLING VAN SKOOLGELD**

U het die reg om vir vrystelling van die betaling van skoolgeld aansoek te doen.

a. Kategorieë vir vrystellingsdoeleindes:
   Die volgende kategorieë geld vir die vrystelling van ‘n ouer van die betaling van skoolgeld:
   i. Algehele Vrystelling
   ii. Gedeeltelike Vrystelling
   iii. Voorwaardelike Vrystelling
   iv. Geen Vrystelling

b. Algehele vrystelling is tot die beskikking van:
   1. ‘n persoon met die verantwoordelikheid van ouer teenoor ‘n kind in:
      i. ‘n pleeghuis;
      ii. ‘n jeugsorgsentrum;
      iii. ‘n plek van veiligheid; of
      iv. ‘n weeshuis
   2.’n familielid wat die versorging oorneem van ‘n weeskind of kind wat:
      i. Deur sy/haar ouers verwerp is; en
      ii. Oor geen sigbare lewensmiddele beskik nie
   3.’n persoon wat namens ‘n kind ‘n maatskaplike toelaag ontvang.

c. Aansoeke vir vrystelling van skoolgeld word **streng** volgens Departementele vereistes verwerk.

d. Die Departementele formule neem slegs inkomste (van beide biologiese ouers) in ag, geen uitgawes nie. Indien jaarlikse skoolgeld tussen 3.5% en 10% van u jaarlikse salaris beloop, kwalifiseer u vir gedeeltelike of volle vrystelling.

e. ***Aansoekvorms moet persoonlik by die finansiële kantoor afgehaal word***.

f. NB : In die geval van geskeide of enkellopende ouers, moet **beide biologiese** ouers aansoek doen. U moet dus vroegtydig die tweede aansoekvorm aan die ander biologiese ouer besorg.

g. **U bly verantwoordelik vir die betaling van skoolgeld** totdat u skriftelik in kennis gestel word van die uitslag van u aansoek. U moet dus vroegtydig begroot vir skoolgeld om voorsiening te maak vir die moontlikheid dat u aansoek onsuksesvol gaan wees. **Aansoeke wat na 29 Februarie 2025** ingedien word, se subsidie sal pro rata volgens die datum van ontvangs bereken word.

► *BANKBESONDERHEDE*

President Brand Primêre Skool
ABSA Bank
Fichardtpark
Takkode : 632005
Rekeningnommer: 4 7 0 1 4 7 6 7 9

► *FINANSIëLE PERSONEEL*

Finansiële Beampte
Liesel Schlebusch
fin@presidentbrand.co.za

Debiteureklerk (Rekeningnavrae)
Inge Webber
debiteure@presidentbrand.co.za

► *PERSOON WAT GEKONTAK KAN WORD I.V.M. NAVRAE OP DIE REKENING/BETALINGS*

Van: _____ Volle name: _____

Verwantskap tot leerder: _____ Selnommer: _____

Werkstelefoonnommer: _____ E-pos adres: _____

Posadres vir korrespondensie: _____

Woonadres: _____

► *ONTVANGSERKENNING*

Hiermee erken ons ontvangs van die dokument **Finansiële Inligting 2025** en aanvaar ons die terme en voorwaardes, soos uiteengesit in hierdie dokument. Ons aanvaar aanspreeklikheid vir die skoolgeld, soos in hierdie dokument uiteengesit (bladsy 4) en gee toestemming, dat indien ons nie die skoolgeld betaal volgens die terme nie, 'n besoldigingsbeslagbevel teen my/ons salarisse toegestaan kan word.

	VADER	***MOEDER***
Volle name en Van:		
Identiteitsnommer:		
Selfoonnommer:		
Epos adres:		
Woonadres:		
Werkgewer:		
Werksadres:		
Handtekening:		
Datum:		

ONDERNEMINGSVORM
SKOOLGELD 2025
Gr 1 – 7: R 16 170 per jaar per leerder

Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet is die **betaling van skoolfonds verpligtend**. Die wet bepaal ook dat die hele jaar se skoolfonds vooruitbetaalbaar is voor of op **28 Februarie 2025**. Indien u nie die volle bedrag kan betaal nie, kan daar gereël word dat u die skoolgelde en studiegelde in paaiemente betaal.

Mnr en Mev _____

Ouers/Voogde van:

1ste kind : Graad :	2de kind : Graad :
3de kind : Graad :	Omsirkel: Onder administrasie : JA/NEE Maatskaplike Toelaag : JA/NEE ● Pleegsorg : JA/NEE PBS Rekeningnommer :

onderneem om die skoolgeld volgens die volgende opsie te betaal (**merk u keuse in toepaslike blokkie**):

	OPSIES	BEDRAG	SPERDATUM
☐	**OPSIE 1 : EENMALIGE BEDRAG**	**Gr 1 - 7: R 16 170** min Korting = **R 15 300**	28 Februarie 2025
☐	**OPSIE 2 : PAAIEMENTE X 11**	**Gr 1 - 7: R 1 470** x 11 maande = **R 16 170**	Eerste paaiement voor 31 Januarie 2025. Laaste betaling voor 30 November 2025.
☐	**OPSIE 3 : VRYSTELLING**	Volle/ gedeeltelike vrystelling van skoolgeld in terme van die SA Skolewet	**Aansoekvorms moet teen 29 Februarie 2025 terugbesorg word**

Neem asseblief kennis dat ons nie die opsie bied om skoolgeld die 15de van die maand te betaal nie. Indien u salaris die 15de betaal word, moet u dus voorsiening maak om die eerste paaiement van Februarie met u Januarie-salaris te betaal om sodoende nie agterstallig te raak nie.

AANHANGSEL A

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, NO 84 VAN 1996
REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING VAN OUERS VAN DIE BETALING VAN SKOOLGELD

KONTROLELYSVORM

(Maak 'n kruis in die toepaslike blokkie.)

1.	Het die skoolhoof jou van die jaarlikse bedrag van skoolgeld in kennis gestel?	JA	NEE
2.	Het die skoolhoof jou in kennis gestel dat jy aanspreeklik is vir die betaling van skoolgeld, tensy jy geheel en al daarvan vrygestel is?	JA	NEE
3.	Het die skoolhoof jou in kennis gestel van jou reg om om vrystelling van die betaling van skoolgeld aansoek te doen?	JA	NEE
4.	Wil jy om sodanige vrystelling aansoek doen?	JA	NEE
5.	Het jy hulp nodig met sodanige aansoek?	JA	NEE
6.	Het die skoolhoof jou van die vorm vir 'n aansoek om vrystelling voorsien? (Aansoekvorms is beskikbaar by die kantoor)	JA	NEE

President Brand Primêre Skool

Wag-'n-Bietjieboslaan, Pellissier, Bloemfontein, 9301
Tel: 051 422 4941 / 051 422 5910 | Fax: 051 422 5547
Epos: info@presidentbrand.co.za

DEBIETORDEROPDRAG 2025

AANSOEKER

Naam & Van _____

Adres _____

Telefoon _____

BANKBESONDERHEDE

Bank _____ **Naam van Tak** _____

Rekeningnommer _____ **Takkode** _____

Tipe Rekening : Tjek/Spaar/Transmissie (skrap wat nie van toepassing is nie)

Ek/ons versoek hiermee en magtig u om my/ons rekening by bogemelde bank (of tak waarheen ek/ons my/ons rekening mag oorplaas) met skoolgelde soos ooreengekom en skriftelik aan my bevestig is, te debiteer op die **eerste** dag van die maand met ingang **01 Februarie 2025**. Alle sodanige onttrekkings uit my/ons bankrekening deur u word hanteer asof dit deur my/ons persoonlik onderteken is.

Ek/ons verstaan dat die onttrekking wat hiermee gemagtig word elektronies verwerk sal word deur middel van 'n stelsel bekend as die ACB-magneetbanddiens, en ek/ons verstaan ook dat die besonderhede van elke onttrekking op my/ons bankstaat gedruk sal wees.

Hierdie magtiging kan deur my/ons gekanselleer word deur u skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek/ons verstaan dat ek/ons nie op 'n terugbetaling van bedrag geregtig is wat u onttrek het terwyl die magtiging van krag was indien sodanige bedrae regtens aan u verskuldig was nie. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons bank (soos die geval mag wees) geag.

Naam van kinders: **1.** _____ **Graad** _____

2. _____ **Graad** _____

Hierdie debietorder moet die volgende maandelikse paaiemente insluit:

Skoolgeld : R	**Middagstudie : R**	**Rekenaars : R**	**Sluitkassie : R**

Totale maandelikse debietorder : R

NB Skoolgeld is **vooruitbetaalbaar**. U moet dus reeds u **Januarie-salaris** aanwend om die eerste paaiement vir Februarie te betaal. Maak asseblief voorsiening sodat die nodige fondse teen 1 Februarie in u bank is.

Onderteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

_____ _____

HANDTEKENING VAN REKENINGHOUER **SKOOLREKENINGNOMMER**

LET WEL – INLIGTING AAN AANSOEKER: Indien u debietorder op enige stadium deur die bank geweier word, word die **volle skoolgeld vir die jaar** onmiddellik opeisbaar en betaalbaar soos in punt 1c van die Ondernemingsvorm vir Skoolgeld.

President Brand Primêre Skool

Wag-'n-Bietjieboslaan, Pellissier, Bloemfontein, 9301
Tel: 051 422 4941 / 051 422 5910 | Fax: 051 422 5547
Epos: info@presidentbrand.co.za

MIDDAGSTUDIE AANSOEK 2025

Mnr en Mev _____

Ouers/Voogde van:

1ste kind : **Graad :**	**2de kind :** **Graad :**
3de kind : **Graad :**	**PBS Rekeningnommer:**

Middagstudiegeld vir 2025 is ten volle betaalbaar voor of op **28 Februarie 2025**. Indien u nie die volle bedrag kan betaal nie, kan daar gereël word dat u die middagstudiegelde in paaiemente betaal. Betaling moet geskied teen laaste dag van elke maand, daarna sal leerders wie se studiegeld nog uitstaande is, nie in die studielokaal toegelaat word nie.

Merk u keuse van betaling in die toepaslike blokkie:

☐ **OPSIE 1** **Eenmalige** betaling voor *28 Februarie 2025*

Eerste kind R 4 400.00
Tweede kind R 2 750.00
Derde kind Gratis

☐ **OPSIE 2** **Maandelikse paaiemente** betaalbaar voor die laaste dag van elke maand vanaf *Januarie tot November 2025*, ***v*erpligte eerste paaiement: voor 31 Januarie 2025.**

Eerste kind R 400,00 per maand (R 400,00 x 11 = R 4 400.00)
Tweede kind R 250,00 per maand (R 250,00 x 11 = R2 750.00)

Neem asseblief kennis dat hierdie opsie u verbind tot die betaling van al 11 (elf) maandelikse paaiemente al maak u kind nie elke maand gebruik van die diens nie.

In **ad hoc gevalle** kan kinders teen 'n tarief van **R50,00 per dag** geakkommodeer word.

- Met ingang vanaf _____ (datum)
- U **moet een maand skriftelike kennis** gee indien u die leerder van middagstudie wil onttrek.

_____ _____ _____

HANDTEKENING : OUER **DATUM** **TELEFOONNOMMER**